Paul de Bruyn – 'n lewe ingebed in 'n verhouding met God

Henk Stoker
Gereformeerde Kerk Pretoria-Sunnyside
PRETORIA

Terwyl ek besig is om die paar woorde ter huldiging van my promotor, prof. Paul, neer te stip, dink ek daaraan dat die studeerkamer waarin ek my bevind vir meer as 'n dekade en 'n half sy studeerkamer was. Die bevoorregte posisie waarin ek my tans bevind om die predikant van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Sunnyside te wees, was vir 19 jaar sy deel.

Kindwees, eggenootwees, vaderwees

Paulus Jacobus de Bruyn is op twee dae na op die laaste dag van die jaar van die groot droogte, 1933, in die Rustenburg-distrik gebore. In 1951 matrikuleer hy aan die Potchefstroomse Gimnasium, waarna hy aan die PU vir CHO inskryf vir teologiese studie. In 1954 behaal hy die B.A.-graad en in 1958 die Th.B.-graad met lof.

Die liefde het nie uitgebly nie. Aan die einde van sy studentetyd is Paul de Bruyn getroud met Lina Smit. Uit die huwelik is vyf kinders gebore – drie dogters en twee seuns. Die kinders onthou en ken hulle pa as 'n beginselvaste mens en 'n baie harde werker. Sy lewe was baie geroetineerd – 'n aspek wat verseker het dat hy produktief kon besigwees. Die kinders ken hulle ma as 'n raakvatvrou, wat vir hulle en hulle pa op 'n besondere manier ondersteun het.

Vakansies is altyd op dieselfde plek gehou. Die kinders het geweet watter tyd van die dag word saam ontspan en watter tyd kan hulle hulself vermaak omdat hulle pa dan wil werk.

Predikantwees

In 1959 is Paul de Bruyn in sy eerste gemeente, die Gereformeerde Kerk Silverton, bevestig. In 1964 volg hy die roeping op na Vereeniging-Oos. Die derde gemeente wat hy as predikant bedien het, was die Gereformeerde Kerk

Pretoria-Sunnyside (1970-1988). Vanaf 1 Januarie 1989 is hy benoem as professor aan die Teologiese Skool te Potchefstroom.

Oor sy bedieningstyd in 'n middestadgemeente skryf prof. Paul vir die 40-jarige herdenkingsblaadjie van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Sunnyside (1998) die volgende:

> Die bediening in 'n kerk in die middestad – veral een soos Pretoria-Sunnyside – verskil in verskeie opsigte van die bediening van 'n kerk in die platteland en selfs van 'n kerk in die voorstede. Probleme word veral veroorsaak vanweë die feit dat daar so 'n groot wisseling is van lidmate wat in woonstelle woon. Aangesien ek gou tot die besef gekom het dat sommige lidmate wat in woonstelle intrek, kerklik gesproke 'wegraak' as 'n mens nie gou met hulle kontak maak nie, het ek nuwe intrekkers so gou as moontlik besoek en dan in 'n koevert aan hulle die nodige informasie oor die kerk en sy werksaamhede voorsien. Op 'n keer het dit gebeur dat daar 22 besoekpunte (individue en gesinne) in een week bygekom het. ... Gewoonlik is die nuwe intrekkers wat gedurende die week besoek is, uitgenooi om die eersvolgende Sondagaand 'n besoek by die pastorie af te lê.

Professorwees

Vanaf die begin van 1989 was dit vir Paul de Bruyn beskore om vir tien jaar professor te Potchefstroom te wees en wel in vakke soos Etiek, Apologetiek, Dogmatiek en Bybelkunde. Hy sê self dat sy jare in die bediening bygedra het tot die feit dat hy sy studente nie net akademies kon vorm nie, maar hulle ook kon help om gereed te wees vir die praktyk van die bedieningswerk. 'n Aspek van sy klasse wat die studente besonder op prys gestel het, is dat hy geen moeite ontsien het om aktuele vraagstukke van vandag op behoorlik gefundeerde wyse aan te pak en aan hulle deur te gee nie. Die gevolg hiervan is dat 'n hele aantal studente hulle Th.B.-skripsies en verdere studie in etiese en apologetiese rigtings onder sy leiding aangepak het.

In die kort tydjie van hoogleraar-wees, het meer as tien studente hulle meesters- of doktorsgrade suksesvol onder sy leiding voltooi. Ons wat onder hom gestudeer het, is dit eens dat dit werklik 'n voorreg was. Hy was nie 'n toeskouer wat af en toe opmerkings van die kantlyn af geskreeu het nie, maar 'n afrigter wat daarop ingestel was om met raad en daad die beste uit 'n mens te haal. Hy het baie moeite gedoen om jou die deel van die werk wat by hom ingelewer is, so gou moontlik en met behoorlik deurdagte kommentaar te laat terugkry. Saam met sy vrou wat goeie raad op tegniese gebied kan gee, vorm hulle 'n uitmuntende span om te help in die geboorteproses van 'n verhandeling of proefskrif.

Skoolkomitees en sensuurraad

Paul de Bruyn het gepoog om op vele terreine sy roeping uit te voer. Hy het op die beheerrade van een laerskool en drie hoërskole gedien (waarvan 16 jaar by AHS-Pretoria, onder andere as voorsitter). Ook het hy vir 14 jaar (onder andere as voorsitter) op die komitee van die staat se publikasieraad gedien.

Akademikus-wees

Paul de Bruyn het nie eers as professor 'n akademikus geword nie: hy was dit nog altyd. Hiervan getuig die talle publikasies wat reeds van vroeg in sy bedieningslewe uit sy pen verskyn het. Hy het 53 wetenskaplike en populêr-wetenskaplike boeke agter sy naam, 10 wetenskaplike artikels in vaktydskrifte, 358 artikels in ander tydskrifte en 56 koerantartikels. Hy dien op die redaksies van kerklike tydskrifte (w.o. as voorsitter by *Die Kerkblad*), is betrokke by verskeie vakverenigings en is lid van die senaat van die Teologiese Skool en die PU vir CHO. Hy het ook 'n hele aantal referate gelewer by konferensies en by ander geleenthede. Hy het ook gedurende sy bedieningsjare op 12 verskillende deputate van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke gedien.

Die boeke en artikels deur prof. De Bruyn dek 'n wye veld binne die teologiese vakgebied. Sy M.A.-verhandeling bevat 'n kritiese bespreking van die plek van die mens in die etiek van H.M. Kuitert, terwyl sy doktorsgraadproefskrif 'n deeglike teologies-etiese besinning is oor die aktuele saak van voorhuwelikse geslagsgemeenskap.

Verskeie ander belangrike etiese sake word op 'n deeglike, prinsipiële wyse in die publikasies van De Bruyn gedek. Dit sluit dinge in soos die tien gebooie, geboortereëling en gesinsbeplanning, ouerskap, kleredrag, kuisheid voor die huwelik, seks, geldbesteding, surrogaatmoederskap, kindermolestering, vigs, besoedeling, Sabbat en Sondag, begrafnis, arbeidsvreugde, films, sensuur, huweliksliefde, burgerlike ongehoorsaamheid, orgaanoorplanting, noodleuen, geweld in nuusberigte en aborsie.

Op apologetiese en evangeliseringsgebied gaan artikels van De Bruyn in op belangrike sake soos die Rooms-Katolisisme, Jehovah-getuies, kultes, okkulte, Satanisme, *New Age*, popmusiek, Sciëntologie, die Jode, feministiese teologie en wit teologie.

Op 'n meer pastorale gebied handel artikels van De Bruyn onder andere oor ons lewe, sterwe en opstanding, salf vir ons wonde, huwelik en gesin, selfbejammering, selfverloëning, volharding, ware liefde, dankbaarheid, bekommernis, die gewete, boesemsonde, vergifnis.

Artikels oor geloofs- en kerklike praktyk van De Bruyn sluit onder andere sake in soos gesprekke oor geloofslewe, aktiewe kerkgang, twyfel by gelowiges, die gesonde leer, die gebed, Bybellees, sekularisme en die kerk, preekbundel, die Heidelbergse Kategismus, lidmaatwees, diakenwees, ouderlingwees en doop.

Uitgangspunte

Wanneer die verskeidenheid in die publikasies van De Bruyn deurgegaan word, is dit duidelik dat die Reformatoriese beginsels van alleen die Woord (*sola Scriptura*) en alleen dit wat tot Gods eer is (*soli Deo gloria*) die basis en uitgangspunte van De Bruyn se denke vorm. In sy boekie *Die gesonde leer* (1990:25) gee hy self 'n opsomming van dit waarop hy al sy denke en werke probeer bou het:

> God openbaar Homself (maak Homself bekend) aan die mens deur die Algemene Openbaring en die Besondere Openbaring. Onder die Algemene Openbaring word verstaan sy openbaring in die natuur, geskiedenis en gewete van die mens. ... Onder die Besondere Openbaring word verstaan sy openbaring soos ons dit tans in die Heilige Skrif vind. ... Ons aanvaar die hele Bybel woord vir woord (Gal. 3:6) as die onfeilbare Woord van God wat sonder enige teëkanting of teëspraak gehoorsaam moet word.

Sonder die uitgangspunt dat die Bybel die ewige en altydgeldende Woord van God is, is 'n ware Christelike etiek nie moontlik nie. Daarsonder het 'n mens ook geen behoorlike gronde om standpunt in te neem in apologetiese diskussies en kan pastoraat en evangelisasie nie tot hul reg kom nie. Vir al hierdie velde is die gesag van die Skrif van absolute belang – die gesag wat slegs daarin lê dat dit God self is wat deur en vanuit die Skrif tot ons spreek en 'n gelowige lewe eis. Slegs as as vertrekpunt geneem word dat die Bybel die ewige en altydgeldende geïnspireerde Woord van God is, kan in die teologie op die Skrif 'n beroep gedoen word as *suprema iudex controversiarum* (hoogste regter/finale gesag ten opsigte van verskilpunte) – soos Paul de Bruyn inderdaad gedoen het. Die probleme waarin die teologie en die kerk vandag beland het, is as gevolg van 'n miskenning van die gesag van die Bybel as absoluut geldende Woord van God. Daarom dat die werk van De Bruyn wat dit wel as vertrekpunt het, van groot betekenis is.

Die aanvaar van die Bybel as gesagvolle Woord van God, maak egter nie van De Bruyn 'n fundamentalis of Biblisis nie. Dit is een van sy uitgangspunte dat God self aan die Woord sal kom en dat daarom aan die genre en aan Skrif-met-Skrif-vergelyking behoorlike aandag gegee sal word. In bogenoemde werk (1990:25) stel hy dit byvoorbeeld só:

> In die Bybel kry ons verskillende letterkundige vorme. So is daar historiese, leerstellige, profetiese, digterlike boeke, ensovoorts. By die verklaring van

> die Bybel moet daarmee rekening gehou word. ... 'n Belangrike beginsel by die verklaring van die Bybel is dat die Skrif homself moet verklaar.

As onfeilbare Woord van God wil die Bybel nie teenstrydige boodskappe bring nie. Dit is 'n eenheid waarvan die boodskap alleen verstaan kan word as elke woord van die Bybel gelees word in die lig van die geheel. Dit is een God wat sy Woord onder inspirasie van sy een Gees laat neerskryf het. Juis op grond van hierdie eenheid van die Skrif is dit nodig dat die Skrif gebruik moet word om homself te verklaar. De Bruyn vergelyk deurgaans Skrif met Skrif om te verseker dat 'n teks van die Bybel nooit so verklaar word dat dit in stryd met ander dele van die Bybel is nie.

Wat 'n mens verder waardeer van die werk van De Bruyn is dat moeiliker verstaanbare dele en opdragte in Gods Woord verklaar word in die lig van makliker gedeeltes wat oor die saak handel. So ook word kursoriese uitsprake in die lig van die meer uitgebreide uitsprake behandel, en meer prakties-gerigte uitsprake in die lig van meer prinsipiële uitsprake. Daarby word ook met die openbaringshistoriese plek en situasie van 'n Skrifgedeelte rekening gehou, want God het Hom en sy wil deur die loop van die geskiedenis al duideliker geopenbaar. Daarom vind ons in sowel De Bruyn se apologetiese werk as sy etiese artikels dat latere gedeeltes in die Godsopenbaring oor dieselfde saak as deurslaggewend teenoor die voorafgaande gesien word. Ook word Skrifgedeeltes nie op 'n wettisistiese en atomistiese wyse buite hulle verband aangehaal nie.

'n Waardering

Dit blyk duidelik uit De Bruyn se werk dat hy die wil van God vir ons lewe nie maar net uit losstaande gebooie aflei nie, maar dat dit rus in die totaliteit van die verhouding tussen God en die mens soos in die Skrif geopenbaar. Die imperatief van die gebod van God vind 'n mens in die werke van De Bruyn ingebed in die indikatief van die wese en dade van God. Maar ook De Bruyn se lewe is ingebed in 'n verhouding met die God van hemel en aarde wat hom geroep het en hom gewillig en bekwaam in sy diens gemaak het.